

Sing vooraf staande: Psalm 43:3 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 9:1, 9, 10 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 9 Bewys aan my genade, HEER, / en sien op my ellende neer!
U, wat my aan die dood ontruk het, / kyk, hoe my haters my verdruk het!
- 10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 40:4 (p. 205).

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 18:20 (p. 77)

- 20 U wat my red, my hoog verhef, / die vyand fnuik, tiranne tref -
U wil ek loof, U singend eer, / U by die nasies groot maak, HEER,
en U vir groot verlossings prys! / Aan u gesalfde is guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag: / U sy die eer en roem en krag!

Skriflesing: Lukas 22:63 – 23:25

Teks: Lukas 23:14

**Julle het hierdie man na my gebring as een wat die volk afvallig maak.
En nou het ek in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie
man geen skuld gevind aan die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie;
(Lukas 23:14 AFR1953)**

Vrydag die dag van die kruis. Die dag en sy gebeure was onvermydelik. Alles het afgestuur op hierdie dag.

- Dit kon nie anders nie, want Jesus Christus is juis hiervoor gebore – om te sterf.
- Omdat daardie Vrydag werklik die vervulling was van ons verlossing, noem ons dit Goeie Vrydag.

Besef u hoe 'n ontsettende dag dit vir die Here Jesus Christus was? Dit het begin met sy gevangeneeming in Getsémané en het geduur totdat Hy 18 uur later dit uitgeskreeu het dat selfs God Hom verlaat het – en gesterf het. Kom ons gaan die laaste 18 uur van Jesus se lewe saam met Hom deur.

Dadelik na die instelling van die Nagmaal gaan Jesus en sy dissipels Getsémané toe. Getsémané is 'n olyfboord langs die Kedrondal.

- Wanneer hulle hier aankom, laat Jesus die dissipels by die ingang agter – behalwe Petrus, Johannes en Jakobus wat saam met Hom verder moet gaan.
- Die Here Jesus neem hulle met die doel saam dat hulle moet wagstaan. Hy het 'n swaar saak om te deurworstel. Hy weet dat Judas kom, en Hy wil ongesteurd bid.

Daar bid die Here Jesus die gebed wat vir ons haas onbegryplik is! Hoeveel keer het Jesus nou al self aangekondig dat sy dood die doel van sy koms is, en noudat dit hier is, nou bid Hy dat die beker by Hom mag verbygaan!

- Dit bewys juis dat Jesus se werk nie net 'n plig was nie. Sy aandeel was vir Hom ontsettend om deur te maak.
- Hy was nie net God wat kom lyk het soos 'n mens nie. Hy was werklik vlees en bloed soos ons, en Hy was dus ook bang vir marteling en vir die dood.
- Hy sweet bloed!

Daardie oomblikke sien ons al die eerste werklike tekens van verlossing. Die dissipels is so moeg dat hulle nie kan waak totdat Jesus klaar gebid het nie!

- As Jesus klaar gebid het, dan waak Hy vir hulle.
- Hy laat hulle slaap terwyl Hy die rus verbeur.

Dan volg die gevangeneeming. Jesus moet so stil as moontlik gevang word, met so min as moontlik opspraak.

- Daarom kom die tempelwag so handig te pas. Hulle normale taak is om die orde by die tempel te handhaaf.
- Maar hier word hulle gebruik vir 'n diens wat heeltemal buite hulle terrein lê.
 - Die owerstes kon nie die Romeine gaan vra om Jesus te arresteer nie, want afgesien van die vraag of die soldate bereid sou wees, sou dit te veel opspraak verwek.
 - Die mense wat agter die hele saak gesit het was ook nog bang vir die volk.

Maar Jesus sien deur al die bedrog!

- Die soen van Judas.
- Die stokke en swaarde. Hulle bewapen hulle soos wanneer 'n rower gevangene geneem word – want dit is die indruk wat hulle wou gee van die Here Jesus.
- Daarom sê Jesus: “Ek was dan elke dag by julle!”

In hierdie oomblikke in die donker, ruk Petrus sy swaard uit en kap 'n wilde hou in die donker na iemand, en hy kap Malgus se oor af. Die slaaf van die hoëpriester is die slagoffer (Johannes 18:10).

- Dadelik betoon Jesus sy Priesterlike karakter – genade.
- Hy doen die laaste wonder en herstel Malgus se oor.
- Soos by die voetwassing stel Hy homself weer in diens van sy vyande.

Daarna vlug almal. Die Here Jesus is alleen in die donker saam met sy vyande.

Dan begin die verhore.

- Die verhore word gekenmerk deur talle onreëlmatighede.
- Die ongerymdhede bewys ook dat die verhore net 'n formaliteit was, want die uitslag was vooraf vasgestel.
- Die verdere klug van die verhore word ook daarin bewys dat daar daardie nag en die anderdagmôre altesaam ses verhore was.
- Die verhore is deur die nag afgejaag – heeltemal buite die normale werksure.

Daar was drie verhore voor die godsdienstige leiers. Ons kan sê dit was verhore voor die Jode self.

Die eerste verhoor is die een voor Annas.

- Hy was tevore 'n hoëpriester.
- En hy was die skoonvader van Kajafas.
- Hy was die invloedrykste lid van die Joodse raad (die Sanhedrin).
- Hy het dus blykbaar 'n soort van voorondersoek behartig.
 - Die bedoeling was dat hy met sekere ongunstige aanbevelings by die Sanhedrin moes kom.
 - Dit was 'n duidelike strategie om van die begin af seker te maak dat Jesus veroordeel word.
 - Hierdie verhoor voor Annas het hulle ook genoeg tyd gegee om in hierdie onmoontlike laat ure van die nag die Sanhedrin bymekaar te kry.
 - En die feit dat Annas al besig was met die verhoor, het ook die indruk geskep by die lede van die Sanhedrin dat dit 'n verskriklike ernstige saak moes wees.

Dan is dit die verhoor voor die Sanhedrin.

- Dis die Joodse Raad.
- Kajafas is die voorsitter.

Dan volg daar **twee sittings**. Weer suiwer bedrog.

- Die Joodse wet het destyds bepaal dat hy nie 'n persoon kan verhoor en straf tydens dieselfde verhoor nie.
- Daar moes eers 'n tyd tussenin verloop waarin die persoon se saak werklik in perspektief gesien kon word sodat hy nie onredelik gestraf word nie.
- Maar toe hou hulle dié nag doodeenvoudig twee sittings na mekaar. Toe is daar mos nie op dieselfde vergadering verhoor en gestraf nie.

Dit was dus weer 'n leë formaliteit om die twee verhore so direk na mekaar te hou. Daar was ook nog ander onreëlmatighede.

- Hulle het byvoorbeeld die laaste verhoor voor sonop gehou. Dit was ook teen die wet.
- En ook nog die feit dat die Sanhedrin saamgekom het om 'n klag te soek teen Christus; daar was nie een nie!

Hulle was in 'n geweldige verleentheid omdat hulle geen klag kon vind nie.

- Alle beskuldigings wat hulle kon bymekaarskraap, verval so duidelik dat hulle dit dan self moet erken.

Uiteindelik is daar 'n klag: Godslastering.

- Maar dit kom geweldig geforseerd, want die hoëpriester lê dit vir Jesus in die mond.
- Op grond hiervan besluit hulle om die doodsvonnis te vel.

Weer bevind hulle hulleself met afgekapte hande, want hulle het beperkte mag gehad.

- Hulle kon nie die doodstraf oplê nie.
- Nou moes hulle gaan hulp soek!

Tydens die twee verhore is daar nog Petrus wat Jesus verloën en Judas wat selfmoord pleeg. Dan vertrek die kerkleiers na die heidene toe.

Daar volg nou drie verhore deur die heidene.

Eers is daar die verhoor deur Pilatus.

- Onmiddellik was Pilatus in 'n dilemma.
- Pilatus het 'n lang geskiedenis. Hy was 'n swakkeling met 'n taamlik lelike verlede.
- Maar deur vriende en kontakte het hy in 'n goewerneysposisie in Palestina gekom.
- Ook eintlik omdat die regeerders in Rome Pontius Pilatus uit hulle pad wou hê – daarom het hy juis die pos in Palestina gekry.

Tydens hierdie tyd van die verhoor, was daar reeds 'n klag teen hom wat besig was om ondersoek te word.

- Hierdie klag het berus op wanbestuur in Palestina.
- Daarom was Pontius Pilatus hier in 'n dilemma. Hy kon dit nie bekostig dat daar nog 'n klag teen hom kom nie.
- As hy nie na die Jode se pype dans nie, sou hulle die wêreld vir hom warm maak.
- Hy gryp toe die eerste uitweg aan met al twee hande. Jesus kom uit Galilea, en dit is Herodes se magsgebied. Daarom ag hy dit wenslik dat Herodes hom verhoor.

Die tweede verhoor is dan voor Herodes.

- Herodes was juis hierdie tyd in Jerusalem, en dit was baie gerieflik om Jesus net met 'n aantal wacte na hom toe oor te stuur.
- Dan weer die ironiese. Herodes is 'n Idumeër/Edomiet.
 - Hy was 'n nakomeling van Esau. Hy was die seun van die Herodes (wat die kindermoord gepleeg het toe Jesus gebore is) by 'n vrou met die naam Malthake.
 - Voor hom staan Jesus – 'n nakomeling van Jakob.
 - Die lyn van genade teenoor die lyn van die verderf.

Die onskuld van Jesus is so groot dat selfs hy geen skuld in Jesus vind nie, maar hy het wel beveel dat die soldate Jesus met minagting en spot behandel.

- Herodes het al baie van Jesus gehoor, en hy is teleurgesteld omdat Jesus hom nie wil trakteer deur 'n wonder te doen nie.
- Verder het hy die verleentheid van die Jode ook baie geniet.
- Hy het die erkenning van Pilatus waardeur dat Pilatus Jesus na hom toe gestuur het om 'n aandeel te hê in sy verhoor. Die twee kon voor die tyd nie klaarkom nie, maar van hierdie gebeurtenis af was hulle goeie vriende.

So word al die satan se magte saamgesnoer.

- Teen God is daar geen verdeeldheid nie.
- Maar omdat hy Jesus onskuldig vind, stuur hy Hom terug na Pilatus toe.

Dan is dit die sesde verhoor – die derde een voor die heidene. Pilatus moet nou maar self die knoop deurhaak.

- Hy het werklik alle moontlike uitweë probeer – behalwe die regte een.
- Eers het hy die saak op die Jode probeer afskuif. Maar hulle het geweier om die saak te hanteer, want hulle wou hê dat Jesus die doodstraf moes kry, en hulle kon dit nie oor Hom uitspreek en voltrek nie.
- Daarna het Pilatus dit op Herodes probeer afskuif. Maar hy het Jesus teruggestuur omdat hy geen skuld in Hom kon vind nie.

Nou, met hierdie tweede verhoor van hom speel hy op die gevoel van die Jode.

- Is julle seker dat julle volk wil hê dat 'n Romein die koning van die Jode moet kruisig?
- Hy probeer ook om die skare sag te maak en hulle medelye op te wek. Hy het gedink as hy Jesus aanhoudend martel, dan sal die volk Hom mettertyd begin jammer kry.
- Hy plaas 'n doringkroon op Jesus se hoof.
- Die soldate slaan Hom toe met riete en stokke op sy kop, en dryf sodoende die doringkroon in sy hoof in.
- Hy hang ook vir Jesus 'n purpermantel om en hy gee Hom 'n rietstaf in die hand.

Die bedoeling is baie duidelik – hy probeer Jesus as 'n karikatuur van 'n koning voorstel sodat die Jode moet dink dis 'n belaglike saak en Jesus dan laat gaan.

- Die indruk moes by die volk gewek word dat hulle klag belaglik is, want hier bewys hy dan aan hulle dat Jesus pateties is en nie gevaarlik nie.

Maar die Jode volhard in hulle standpunt.

- Dan gee hy die volk 'n keuse.
- Die gebruik is dat daar op die Paasfees 'n gevangene losgelaat word.

Hy stel die keuse tussen die slegste een wat hy daar in die tronk het en Jesus.

- Barabbas is 'n rower en 'n moordenaar.
- Sy regte naam is Jesus Barabbas.
- Teenoor hom stel hy die onskuldige Een: Jesus Christus.
 - Dan kies die volk die skurk en die moordenaar. Die Regverdige moet teen wil en dank gekruisig word.
 - Uiteindelik die goedkoop klug: Pilatus was sy hande in onskuld. Hy is te swak van persoon om wet en orde te handhaaf, en daarom laat hy die volk toe om die reg te verkrag.

So is Jesus uiteindelik na ure van verhoor, wat met marteling gepaard gegaan het, gekruisig.

- U besef hoe geweldig vinnig alles moes gebeur het as in aanmerking geneem word dat Jesus die môre negeuur gekruisig is.
- Die regsmašjinerie moes dus gejaag het om ses verhore in die nag en die oggend afgehandel te kry!

En toe die kruis.

- Hierdie straf is deur die ou Perse en Feniciërs uitgevind en toegepas.
- Die Romeine het die straf oorgeneem en dit toegepas op die ergste misdadigers.
- En die Romeinse wet het bepaal dat die kruisstraf nie op 'n Romeinse burger toegepas mag word nie.
 - Nie eers as hy selfs die skurfste skurk is nie!
 - Jesus is 'n Romeinse burger deur geboorte, maar Hy word sommer halsoorkop gekruisig.

Die fisiese pyn by die kruisiging is geweldig.

- Die mense wat gekruisig is, het die meeste van die tyd sonstraal opgedoen as hulle so in die bloedige son gehang het.
- Verder het hulle stadig doodgesmoor.
- Hulle organe het geskeur.
- Baie van hulle het tot drie dae so sterwend gehang voordat hulle heeltemal dood was.

Sielkundig het die kruisdood geweldig vernietigend op so 'n mens gewerk.

- 'n Normale mens wat seerkry, of siek is, het die vooruitsig dat ander mense hom sal help, en dat hy kan beter word, en selfs mag genees.
- Maar vir die gekruisigde was daar net een vooruitsig – die dood.
- Die spot van die mense was net so erg, want hy het kaal daar gehang.

Geestelik was hierdie mense se moraal laag.

- Dit was vir hulle die simbool van God se vloek. Deuteronium 21:23 en Galasiërs 3:13: *Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.*

Die Romeinse wet het ook bepaal dat daar twee dae moes verloop tussen die vonnis en die teregstelling. Maar hier was dit anders.

- By die hofsaal het die verhoor plaasgevind. Daar is Jesus geslaan.
- Daarvandaan is die soldate met Jesus op pad Golgota toe – terwyl Hy sy eie kruis op sy skouers gedra het.
- Die mense **en** die Satan wou Jesus uit die pad hê.
- Die Seun van God moes so gou moontlik vernietig word.

Dit is die dinge wat Paasnaweek maak.

- Smarte tot die uiterste toe.
- Moegheid meer as tot moedeloosheid toe.
- Onverbiddelikheid tot in die dood.
- Haat van elke mens teen die Seun van God.
- Die spot van soldate en selfs van 'n medegekruisigde.
- Suur soldatewyn wanneer die son en pyn Jesus dors maak en sy kragte breek.

Alles vir my en vir jou.

- Elkeen van ons het skuld aan hierdie dood – sodat daaruit vir ons lewe gebore kon word.
- Want dit is ook my en jou ongeregthede se smarte wat op Christus gewreek is.
- Daarom het Hy die straf van God oor al hierdie dinge op Hom geneem sodat ons skotvry daarby kan verbygaan.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 107:3, 10 (p. 533)

- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.
- 10 Laat hul met offerande / die HERE loof en dank,
die werke van sy hande / vermeld met klare klank;
laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom met hul offers prys, / omdat Hy groot en goed is.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 8 April 2012